



LAERSKOOL DALVIEW

Gekontroleerde Toets

Gekontroleerde toets

Vak: Afrikaans Huistaal

Graad 4.

EKSAMINATOR: ME. A. CILLIERS OUER HANDTEKENING _____

MODERATOR: ME. Z. GROBLER: _____

DATUM: 10 NOVEMBER 2023

TOTAAL: 40 PUNTE

TYD: 60 MIN

Naam en van: _____ Gr. _____

Instruksies.

1. Lees elke vraag deeglik deur voordat jy dit beantwoord.
2. Skryf netjies en leesbaar.
3. Skryf met 'n blou pen en beantwoord al die vrae

Hierdie vraestel bestaan uit 4 vrae

<u>Vraag</u>	<u>Inhoud van die vraag</u>	<u>Totaal van vraag</u>	<u>Punte behaal in vraag</u>	<u>Prestasie standaard</u>
Vraag:1	Begripstoets	15		
Vraag:2	Visuele teks	10		
Vraag : 3	Opsomming	5		
Vraag: 4	Taalstrukture en konvensies. Soorte sinne, werkwoorde, antonieme, Sininieme, ontleding van sinne, idiome, Homonieme, homofone, voorsetsels, hoofletters en leestekens	10		
	Totaal: :	40		



LAERSKOOL DALVIEW

VAK: Afrikaans Huistaal: Gr.4 **TAAK: 9 – GEKONTROLEERDE TOETS**

OPSTELLER: ME. A. CILLIERS

OUER HANDTEKENING: _____

MODERATOR ME. Z. GROBLER: _____

DATUM : 10 Nov 2023

PUNTE: VRAAG: 1 BEGRIPSTOETS ____/15

VRAAG: 2 VISUELE TEKS: ____/10

VRAAG: 3 OPSOMMING: ____/5

VRAAG: 4 TAALSTRUKTURE ____/10

TYDSDUUR: 60 MINUTE

TOTAAL: ____ 40


Naam en Van : _____ **Gr. 4** _____

Afdeling A: Vraag 1 – Begripstoets (15)

Lees die volgende leesstuk deur en beantwoord die vrae.

Die skoenlapper en die meisie

1. Eendag het 'n meisie naby haar huis in die veld gestap toe iets
2. haar oog trek. Sy het nader gestap en gesien dat 'n skoenlapper
3. tussen die dorings van 'n struik vasgevang is. Sy het versigtig
4. haar vingers tussen die dorings ingedruk sodat sy die
5. skoenlapper nie seermaak nie. In die proses het die dorings haar
6. vingers gesteek, maar gelukkig kon sy die skoenlapper bevry.
7. Terwyl sy haar bebloede vingers vashou, het sy gekyk hoe die
8. skoenlapper wegvlieg.



9. Sy het rustig verder gestap, toe dieselfde skoenlapper skielik
10. voor haar invlieg en in 'n feetjie verander. Die feetjie sê
11. vir haar: "Omdat jy so gaaf was met my, kan jy een wens
12. wens."
13. Die meisie het opgewonde geglimlag en gesê: "Ek wens ek is
14. altyd gelukkig. Die feetjie het gesê dat dit dan so sal wees. Sy
15. het iets in die dogtertjie se oor gefluister en toe weggevlieg.
16. Die meisie het nooit weer die feetjie gesien nie.
17. Die meisie het groot geword en was altyd gelukkig, net soos
18. sy gewens het. Sy het 'n groot invloed op die dorp se mense

19. gehad, die rykes, die armes, die met mag, die sonder
20. mag – almal het na haar gekom vir raad. Omdat haar
21. gelukkige uitkyk op die wêreld aansteeklik was, het elkeen 'n
22. gelukkiger mens van haar af weggegaan.
23. Almal het egter steeds gewonder wat die geheim van haar
24. geluk is. Sy was later 'n bejaarde dame en die dorp se mense
25. besluit om iemand na haar te stuur, om uit te vind wat is die
26. geheim van haar volkome geluk.
27. Die vrou wat na haar gestuur is, vra vir haar waar kom al
28. haar geluk en lewensvreugde vandaan. " 'n Feetjie het in my
29. oor gefluister" het sy geantwoord. Vertel asseblief vir my wat
30. het die feetjie gesê, het die vrou gevra.

31. “Goeie genade maar jy is spesiaal en besonders,
32. onthou dat elke mens wat jy in die lewe gaan teëkom,
33. jou nodig het, maak nie saak hoe sterk hulle lyk nie,
34. hulle het dalk net ‘n glimlag nodig” dit is wat die feetjie
35. gesê het.
36. Die vrou is terug dorp toe en het alles beter verstaan.

Vrae:

1. Wat is die titel van die verhaal?

_____ (1)

2. Wat was fout met die skoenlapper?

_____ (1)

3. Wie het die skoenlapper gered?

_____ (1)

4. Waarin het die skoenlapper verander?

_____ (1)

5. Wat kon die meisie kry, omdat sy die skoenlapper gered het?

_____ (1)

6. Waarom het die meisie soveel lewensvreugde gehad?

_____ (1)

7. Hoekom wou die dorpmense weet wat haar geheim van haar geluk is?

_____ (1)

8. Het die vrou haar geheim gedeel met die vrou van die dorp?

_____ (1)

9. Wat is die les wat ons leer uit die verhaal?

_____ (2)

10. **Gee een woord uit die leesstuk wat dieselfde beteken as:**

10.1 Jy het vyf van hulle aan jou hand. _____ (1)

10.2 Antoniem van ongelukkig _____ (1)

10.3 Plek kleiner as 'n stad _____ (1)

10.4 As jy vriendelik met iemand is _____ (1)

10.5 Iets wat jy nie vir ander mense vertel nie _____ (1)

Totaal:15

Afdeling B

Vraag 2: Visuele teks (10)

Kyk na die volgende prente en beantwoord die vrae:



2.1 Waarheen is die kinders oppad?

(1)

2.2 Hoekom is die mamma so bly?

(1)

2.3 Wat beteken die woord “tranedal”?

(2)

2.4 Aan watter sportsoort neem die een kind deel?

(1)

Vraag 2: Visuele teks vervolg.



2.5 Waarheen is die seuntjie oppad?

_____ (1)

2.6 Wie is die drie karakters in die spotprent?

_____ (3)

2.7 Hoekom is die mamma so ontsteld?

_____ (1)


Totaal: _____/10

Vraag: 3 Opsomming (5)

Lees die volgende leesstuk deur en skryf dan 'n opsomming van 5 punte, oor hoe ons water elke dag moet spaar. Skryf die 5 punte, puntsgewys neer.

Waterbesparing.

Water is 'n skaars hulpbron in Suid-Afrika. Dit is dus nodig dat ons altyd moet probeer om water te bespaar. Ons kan binne in ons huise elke dag water bespaar. Jou dag kan begin deur jou tande te borsel en nie die kraan oop te los, as jy tande borsel, maar draai die kraan toe. Ons gebruik ook minder water as ons stort eerder as om te bad. Gooi jou plante ook nat in die koeler tye van die dag, nie op die warmste tyd nie. Leer om ook water te hergebruik deur byvoorbeeld badwater op die plante te gooi. Was die motor met 'n emmer en lap eerder as om die tuinslang te gebruik. Dit is ook goed om reënwater op te vang en weer te gebruik.



Skryf 5 maniere neer hoe ek water kan spaar:
(Onthou skryf jou eie sinne, gebruik net inligting uit die leesstuk)

1. _____

2. _____

3. _____

4. _____

5. _____

Totaal: ____/5

Vraag 4: Taalstrukture en taalkonvensies (10)

4.1 Skryf die volgende sin in **ontkenningsvorm**.

Die meisie het die skoenlapper tussen die dorings uitgehaal.

_____ (1)

4.2 **Ontleed die volgende sin.**

Die dogter help die siek mense.

Onderwerp: _____ (1)

Gesegde: _____ (1)

Voorwerp: _____ (1)

4.3 Sinonieme

Skryf die volgende sin oor en gee 'n **sinoniem** van die onderstreepte woord.

Die **vet** vrou lees die **mooi** boek.

_____ (2)

4.4 **Skryf die volgende sin korrek oor. (Regte hoofletters en leestekens)**

Hoekom is jy al weer laat

_____ (1)

5 Idiome

5. Gee die betekenis van die volgende idiome.

5.1




(1)

5.2



(1)

5.3 Gee 'n idioom wat pas by die prentjie.



(1)

Totaal: ____/10

